Publication: RAPPORT, Weekliks
Date: 2015-08-16
Page: 7




# Jou diagnose is verkeerd!

Pres. Jacob Zuma en sy regering bied die verkeerde oplossing vir die verkeerde probleme aan, skryf **Erwin Schwella.**

Pres. Jacob Zuma het Dinsdag die regering se bygewerkte sienings oor die toestand van die nasie met die mense van Suid-Afrika gedeel.

Dié mediakonferensie was in der waarheid 'n opvolg op die hoofweergawe wat hy in Februarie te midde van groot ontwrigting in die parlement gelewer het.

Vir 'n president wat nie bekend is om sy goeie verhouding met die media nie, is dit nogal betekenisvol dat hy as forum 'n konferensie met die "ongetransformeerde media" eerder as die parlement gekies het. Of dalk is sy gevoel oor die media nou positiewer as sy gevoel oor die parlement ná sy onlangse effens traumatiese besoeke aan die praathuis.

Ná die gebruiklike abrakadabra waarin die bekende tegniek gebruik is om aansprake van sukses te grond op selektiewe statistieke, het die president hom wel genoop gevoel om sekere regeringsinsigte oor die aard en omvang van die Suid-Afrikaanse uitdagings - om nou nie van 'n krisis te praat nie - deur die media met die land te deel.

Die verbloemde maar tog ontblotende bekentenis is gemaak dat die gewenste en voorspelde groeikoers van 5% nie bereik sal word nie. Daar is egter steeds die hoop, al kan dit ook beskaam, op 'n aangepaste syfer van sowat 3%.

Met hierdie kat uit die sak moes daar redes verskaf word. Aanvanklik het die president die redes gekoppel aan Eskom se onvermoë om krag te voorsien. En hiervoor is die redes tot so ver terug soos Jan van Riebeeck se tyd natuurlik reeds geboekstaaf.

In vraetyd het nog meer ideologiese en onsistematiese verklarings vir die nou erkende gebrekkige prestasies gevolg. Dit sluit in die wêreldwye finansiële krisis wat Europa raak. En omdat Europa in 'n krisis is, het Suid-Afrika ook probleme.

Dit is tog net eenvoudige "ideologika".

Toe die president daarop gewys is dat Afrika, die vasteland waarvan Suid-Afrika onafskeidbaar deel is, tans ondanks die Europese "krisis" gemiddeld teen ongeveer 5% per jaar groei, het die ideologika-gedrewe retoriek outomaties ingeskop.

In hierdie verklaringsraamwerk waar Suid-Afrika voorgestel word as 'n voorbeeld van 'n "spesiale soort" kolonialisasie, het Suid-Afrika - anders as elders in Afrika waar dié soort kolonialisme nie gegeld het nie - in die besonder deurgeloop onder die negatiewe gevolge.

Of die nalatenskap van apartheid, wat bepaald nog bestaan, 'n nadeel of wens van die president is sodat hy dit van tyd tot tyd nuttig kan gebruik om sy verklarings te staaf, is nie altyd heeltemal duidelik nie.

Ander lande in Afrika het, volgens hierdie ideologika, natuurlik nooit gely onder rasgegronde politieke en ekonomiese stelsels nie.

Dat sommige van hierdie koloniale stelsels, en hul latere inheemse opvolgstelsels, gelei het tot grootskaalse maatskaplike en ekonomiese uitwissing is natuurlik geriefsonthalwe nie ter sprake nie. In hierdie soort redenasie troef ideologie altyd getuienis.

Wat hier duidelik is, is die impak op persepsies. Die waarheid oor wat waargeneem word, word deur die ideologiese lense van die waarnemer bepaal, asook hoe dit verklaar word en hoe daarmee gehandel word.

Die president kyk deur sy ideologiese bril en sien nie die krisisse in die regeringstelsel, die polities ontwrigte staatsondernemings, die regstaatinstellings wat onder druk is, die tanende vertroue, die kwynende buitelandse en binnelandse investering, die groeiende - ja dit groei wel - werkloosheid en die verswakking van instellings en individue in Suid-Afrika nie.

Dié gebrekkige waarneming van die krisis as gevolg van 'n rooskleurige ideologiese bril word bevestig en versterk deur die verklarings wat aangebied word vir die beperkte toegegewe en versigtig geformuleerde "uitdagings", wat in werklikheid enorme probleme is. En dit word dan deel van die probleem.

> "Moenie my met die feite verwar nie, ek het klaar besluit.

In beleidswetenskaplike terme word gepraat van 'n derde soort fout, of "errors of the third kind".

Dit gebeur wanneer die regte oplossings aangebied word vir die verkeerde probleme. In Suid-Afrika is daar egter eerder sprake van "errors of the fourth kind", waar die verkeerde oplossings vir die verkeerde probleme aangebied word.

Die gebrekkige analises en ideologiese verklarings lei daartoe dat daar denkraamwerk-blindheid ontstaan, wat dit binne die ideologika onmoontlik maak om:

- Die probleme behoorlik waar te neem en te definieer en sodoende die werklike eerder as gewaande probleme uit te wys;
- Die werklike oorsake van die probleme te identifiseer;
- Die regte keuses vir probleemoplossing uit te oefen op grond van getuienisgegronde ontleding eerder as emosionele ideologies vooropgesette aannames;
- Die regte oplossings te implementeer, wat dalk verklaar hoekom al die slim planne nie werk nie; en
- Uit die getuienis en selfs mislukkings te leer en regeringsprestasie te verbeter.

Dit is 'n klassieke geval van moenie my met die feite verwar nie, ek het klaar besluit.

Daar is getuienis dat minstens 'n deel van die probleem en die verklarings vir die probleem gewoon swak regering is, asook swak leierskap, korrupsie, wanadministrasie, bedrog, grypsug, onbekwaamheid en (om dit sagkens te stel) gebrekkige politieke wil.

Ondanks dié getuienis is dit nie onder oorweging of selfs sigbaar vir die ideologies blinde besluitnemers, lojaliste en opportunistiese bevoordeeldes van die stelsel nie.

As behoorlike verklarings vir probleme nie aangebied of getoets word nie, gaan die noodsaaklike kennis- en leerprosesse op langer termyn nie plaasvind nie en die probleme nie aangepak word nie. Die slegte situasie kan sodoende dan ook nie verbeter nie.

Die diagnose is verkeerd, die simptome word deur die pasiënt verdraai en die onderliggende oorsake van die siekte kry geen aandag nie.

In sulke gevalle behandel kwaksalwers en pseudowetenskaplikes die verkeerd gerapporteerde simptome met pynstillers, terwyl die onderliggende kwaadaardige gewas groei en versprei.

Dit kan uiteindelik selfs vir hulle tot 'n waarneembare krisis lei.

En dan is dit dalk te laat - vir hulle en ons.

**■ Prof. Erwin Schwella is verbonde aan die skool vir openbare leierskap aan die Universiteit Stellenbosch.**

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission*